NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

Saakgelastigde: **Ds AH Minnaar** **PBO: 9300 13251**

De Langestraat 5 Privaatsak X8 021 957 7104
BELLVILLE BELLVILLE bossie@kaapkerk.co.za
7530 7535 www.kaapkerkadmin.co.za

Konstitusie en Stigtingsdokument

Finansiële instellings vra dikwels vir ’n skriba vir die gemeente (of ring) se stigtingsdokument of oprigtingsakte. Hierdie dokument poog om te verduidelik dat die gemeente (ring) basies twee dokumente in die verband moet voorsien, naamlik die gemeente (ring) se konstitusie (dit is die “Kerkorde en Reglemente” van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika) en die amptelike verklaring van die gemeente (ring) se stigting in die Kerkbode (die amptelike koerant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk).

1. KONSTITUSIE (of Grondwet)

1.1 Die “KERKORDE EN REGLEMENTE 2019” van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Sinode van Wes-Kaapland) is die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se Konstitusie.

1.2 Reglement 1: 2 van die reglementeboek bepaal as volg:

“KONSTITUSIE
Die konstitusie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (ook genoem die NG Kerk van Wes-Kaapland, asook die Sinode van Wes-Kaapland).

1.3 Ekstra kopieë van die “Kerkorde en Reglemente 2019” kan by die sinodale sentrum in Bellville gekry word. Kontak Lisa Human in dié verband: skriba@kaapkerk.co.za, 021 957 7155.

1.4 Sommige finansiële instellings wil selfs hê dat die boek gesertifiseer moet word. Lisa kan so ’n plakker in die boek plak en iemand kry om dit te teken – maak maar net vooraf seker of die bank of instansie dit regtig met ’n handtekening wil hê. Moenie vra nie. Hulle sal “Ja” sê. Vra eers vir die handtekening as die instansie van hulle kant af daarop aandring.

1.5 Met 225 gemeentes in die Wes-Kaap, het al die banke en groter beleggingshuise al ’n yslike voorraad van hierdie Kerkordes. Van die meer innoverende en moderne instellings, wat al e-pos of internet benut, aanvaar die Kerkorde in ’n PDF-formaat of selfs net die skakel na die webwerf waar dit afgelaai kan word:
http://kerkargief.co.za/doks/acta/WK_KO_2019.pdf

2. REGSENTITEIT

2.1 ’n Gemeente (of ring) van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is nie ’n maatskappy of ’n trust nie, maar ’n gemeente.

2.2 Gemeentes /ringe het nie nommers nie, maar is wel ’n regspersoon. Reglement 24 (2019) beskryf die regspersoon onder andere as volg:

"4. GEMEENTELIKE GOEDERE

4.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) in gemeenteverband is 'n regspersoon en die kerkraad, of ander gevolmagtigde(s) deur die kerkraad aangewys, is sy orgaan.

4.2 Die gemeente is dus eienaar van alle roerende en onroerende goedere wat deur die kerkraad beheer en verkry word en vaste eiendom word in die naam van die *Nederduitse Gereformeerde Gemeente* ..... geregistreer.

4.3 Gemeentelike kerklike goedere word geadministreer ingevolge besluite van die kerkraad.

4.4 Die kerkraad of sy gevolmagtigde is bevoeg om enige regshandeling te verrig en om tussentydse beleggings te maak wat verband hou met die beskikking, verkryging, ontvangs van testamentêre bemakings, vervreemding, beswaring of versekering van die betrokke bates, onderhewig daaraan:

4.4.1 dat die inkomste en eiendom van die gemeente, met inbegrip van eiendom of inkomste wat deur enige gevolmagtigde van die kerkraad bestuur word, nie aan enige persoon uitgekeer mag word nie, maar uitsluitlik aangewend mag word vir die beoefening van die aktiwiteite (openbare weldade) van die gemeente; en

4.4.2 dat niks wat hierin bepaal is, die betaling te goeder trou belet van redelike besoldiging (synde vergoeding wat nie oormatig is, inaggenome wat algemeen as redelik geag word in die openbare weldaad- organisasie-sektor en met betrekking tot die diens gelewer nie) aan enige werknemer of beampte van die gemeente vir dienste wat sodanige persoon werklik aan die gemeente gelewer het nie); en met insluiting van:

4.4.3 die verkryging van eiendomme, roerend en/of onroerend, deur skenking, erflating, aankoop, huur of op enige ander wyse; en

4.4.4 die behoud van 'n belegging in die vorm van 'n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit (of enige bate in so 'n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit) wat dit as 'n skenking, bemaking of erflating verkry, in die vorm waarin dit verkry is mits dit voldoen aan die Wet en die vereistes van die Belastingvrystellingseenheid van die SAID ..."

2.3 Sommige instellings hou aan om aan te dring dat hulle die gemeente se NPO- of PBO-sertifikaat wil hê. Ek bevestig weer dat daar géén verpligting is om as 'n NPO te registreer nie. Sien verder by punt 4 hieronder. Gemeentes behoort wel – ter wille van belastingvrystelling – as 'n PBO te registreer. Trouens, alle gemeentes is reeds in 2003 gevra om dit te doen – maar ook dit is nie 'n vereiste nie. 'n PBO-sertifikaat kan dus nie 'n voorwaarde wees vir die aangaan van 'n transaksie met 'n finansiële instelling nie. Punt 3, hier onder, vertel iets meer van die PBO.
Sien: https://www.kaapkerkadmin.co.za/doks/PBO_PWC_2003.pdf

3. OPENBARE WELDAADSORGANISASIE (*Public Benefit Organisation – PBO*)

3.1 Daar is gemeentes wat as 'n openbare weldaadsorganisasie geregistreer is en dus oor 'n PBO-nommer beskik. Dit is egter nie 'n kerklike vereiste dat 'n gemeente as 'n openbare weldaadsorganisasie geregistreer hoef te wees nie.

3.2 *"Also a voluntary registration, a **PBO** is registered under the **Income Tax Act 58 of 1962** (as amended) by the **South African Revenue Service** (SARS). The activities of the organisation will determine whether it qualifies for exemption under Section 30 only, or for exemption under Section 18A as well."*

3.3 Skakel na die SAID se TEO: http://www.sars.gov.za/ClientSegments/Businesses/TEO/

4. NIE-WINSGEWENDE ORGANISASIE (*Non-profit Organisation – NPO)*

4.1 Daar is ook gemeentes wat aansoek gedoen het om 'n nie-winsgewende organisasie (*Non-profit Organisation – NPO*) te wees. Dit is ewe eens 'n vrywillige registrasie. 'n Gemeente hoef nie as 'n NPO te registreer nie.

4.2 *"An **NPO** is registered with the **Department of Social Development** and appears on the Register of Non-profit Organisations. Through registration, information about NPO's is gathered and made publicly available. It is understood that a registered NPO is compliant with the **Non-profit Organisations Act 71 of 1997** (as amended), which encourages NPO's to maintain adequate standards of governance, transparency and accountability. The NPO Act was followed by the Codes of Good Practice for NPO's to encourage self-regulation within the sector.*

4.3 Skakel na die NPO webblad: http://www.npo.gov.za/

5. STIGTINGSDOKUMENT

5.1 'n Gemeente word deur 'n ring gestig (Reglement 27). Dit kan by wyse van afstigting of stigting wees. Reglement 27 (KERKORDE EN REGLEMENTE 2019) verduidelik dit mooi. Slegs enkele paragrawe word aangehaal:

"1.1.4 Wanneer by die ring aansoek gedoen word om die stigting van 'n gemeente, beoordeel die ring die ingekome stukke en indien die ring oordeel dat die nuwe gemeente in staat sal wees om te bestaan, word verlof tot gemeentestigting gegee.

1.1.5 Die stigting van 'n nuwe gemeente geskied deur die ring of die ring se gevolmagtigde op las van die ring tydens 'n vergadering waarvan vier (4) weke vooraf in die *Kerkbode* kennis gegee is, en waarheen die belanghebbendes uit die betrokke gemeente(s) opgeroep is. Die betrokke lidmate het deur die ondertekening van die ooreenkoms reeds die stigting van die gemeente goedgekeur en stem op hierdie vergadering nie weer oor die saak nie.

1.1.6 Tydens hierdie vergadering stel die ring of die ring se gevolmagtigde die grense van die gemeente so duidelik moontlik vas en gee 'n noukeurige beskrywing van die grense van reeds bestaande gemeentes wat met die grense van die nuwe gemeente saamval. Indien die ring of die ring se gevolmagtigde toestemming gee dat die nuwe gemeente nie geografies saamgestel word nie, word die bedieningsfokus van die nuwe gemeente so duidelik moontlik bepaal (vergelyk 1.1.3.2.2 hierbo).

1.1.7 Tydens hierdie vergadering wat onder leiding van die ring of die ring se gevolmagtigde staan, word die kerkraadslede van die nuwe gemeente met opsteek van hande verkies en wel deur die belydende lidmate wat deur hul handtekeninge reeds tot die stigting van die gemeente ooreengekom het...."

5.2 Die stigting van 'n nuwe gemeente word dus in twee brondokumente aangeteken:

5.2.1 Die notule van die betrokke ring.

5.2.2 Die Kerkbode (die Nederduitse Gereformeerde Kerk se amptelike koerant).

5.3 Die Argief van die Nederduitse Gereformeerde Kerk kan 'n gemeente help om die betrokke amptelike berig in die oorspronklike Kerkbode op te spoor en kan 'n gewaarmerkte afskrif aan die gemeente voorsien. Die Argief kan ook help om die ring se notule op te spoor waarin tot die afstigting van die gemeente besluit is.

5.4 Kontak die Argief by argief@kaapkerk.co.za of 021 882 9923.

Ds AH (Bossie) Minnaar
Saakgelastigde
Selfoon: 083-270-5211
bossie@kaapkerk.co.za
10 September 2020